Nuusbrief vir 16 Mei 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor (1)

16 Mei 2019

ARTHSS: Eerstens baie geluk aan ons leerders wat pragtig vertoon het tydens ons jaarlikse ARTHSS. Julle was almal wenners op die loopplank en het jul baie goed van jul taak gekwyt. Die volgende leerders het ereplekke ontvang:
As mej HS Swartland: Chrismarié Malan, eerste prinses: Thea Nel, tweede prinses: Liezel van der Merwe.
As mnr HS Swartland: Aldo Walters, eerste prins: Jonathan Young, tweede prins: Willbur Jasson.
Baie geluk aan hierdie leerders en hul ouers. Ek wil ook graag hiermee elke ouer, leerder en personeellid van harte bedank wat so gewillig was en baie tyd opgeoffer het om ons met die reëlings vir hierdie funksie te help. Die groot span wat saamgewerk het, het vir ons 'n funksie aangebied wat 'n reuse-sukses was. Hartlike dank hiervoor!

Uit die skoolhoof se kantoor (2)

16 Mei 2019

Astro-baan spreiligte: 'n Groot groep van ons hokkie-ouers het die afgelope tyd hard gewerk en baie tyd en geld spandeer aan ons Astro-baan se spreiligte. Hierdie projek het ook baie borge deur die loop van die tyd opgelewer. Ek wil langs hierdie weg een en elkeen bedank wat 'n aandeel het aan hierdie projek. Dit is gewis 'n aanwins vir ons skool en ons leerders en elkeen se insette word werklik opreg waardeer. Dié betrokke span ouers kon Woensdagaand die ligte aanskakel en dit is voorwaar 'n pragtige gesig! Nogmaals baie, baie dankie vir elkeen se aandeel aan hierdie grootse projek.

Sportdag vs Robertson (weg)

16 Mei 2019

Ons het op Saterdag 18 Mei 'n sportdag teen HS Robertson by hulle gronde. Die busse vertrek reeds om 06:00 van ons skool af. U is baie welkom om ons leerders daar te kom ondersteun en die dag saam met ons te geniet.
Sien die program vir die sportdag op 18 Mei onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator.

Dagrooster verandering

16 Mei 2019

Let asseblief daarop dat die leerders die volgende veranderinge aan hul dagrooster moet aanbring om sodoende die regte boeke in te pak:
21 Mei - volg dag 4 se rooster;
22 Mei - volg dag 6 se rooster.
23 Mei - eksamen begin. Sien die eksamenrooster onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator.

Liza presteer in musiek

16 Mei 2019

Liza Eksteen is lid van die Weskus Jeugorkes en speel die klarinet. Dié orkes het by die Suidoosterfees ATKV Koor Gala Finalé op 1 Mei in Kaapstad se stadsaal opgetree. Baie geluk met hierdie groot eer wat jou tebeurt geval het, Liza!

Rugby uitslae

16 Mei 2019

HSS vs De Kuilen:
O/19A wen 29-5; O/19B wen 56-20; O/16A wen 45-0; O/15A verloor 7-22; O/15B verloor 14-31; O/14A wen 43-0.

Netbal prestasies

16 Mei 2019

Ansuné Smit (O/18) en Inge von Wielligh (O/17) het deurgedring na die finale Wes-Kaap netbalproewe.
Kristin van der Ross (O/15) is opgeneem in die Wes-Kaap Cedars-span.
Baie geluk aan hierdie netbalspeelsters!

Netbal uitslae

16 Mei 2019

HSS vs De Kuilen:
O/18B verloor 18-36; O/17A wen 17-12; O/17B verloor 14-17;
O/16A verloor 14-17; O/16B wen 25-21; O/16C wen 16-8;
O/15A wen 20-17; O/15B wen 21-13; O/15C verloor 6-9;
O/14A verloor 10-15; O/14B wen 10-8; O/14C wen 11-4; O/14D wen 26-3.

Hokkie uitslae

16 Mei 2019

HSS vs Paarl Gim:
Seuns: 16A verloor 0-4; 19B verloor 0-5; 19A gelykop 1-1.
HSS vs De Kuilen:
Dogters: 16B wen 4-0; 16A wen 1-0; 19B gelykop 0-0; 19A wen 1-0;
Seuns: 16B wen 3-2; 16A wen 1-0; 19B wen 4-2; 19A gelykop 1-1.
Dogters 18A by SPAR toernooi:
Verloor 0-4 teen Springfield, verloor 0-1 teen Durbanville, gelykop 0-0 teen Drostdy, verloor 0-2 teen Renish girls.

Eisteddfod sluitingsdatums

16 Mei 2019

17 Mei: Paarl Vallei inskrywings sluit (navrae: Mev Hunlun-van Zyl)
10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

16 Mei 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

16 Mei 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

16 Mei 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 16 Mei 2019 - 23 Mei 2019

16th Mei 2019
Vaste Bates vergader 18:00

17th Mei 2019
Uitnaweek

17th Mei 2019
Eisteddfod Paarl Vallei inskrywings sluit

17th Mei 2019
Individuele foto's

18th Mei 2019
Uitnaweek

18th Mei 2019
Rugby, hokkie, netbal vs Robertson (weg)
Robertson

18th Mei 2019
Landlope te Ceres

20th Mei 2019
Finanskomitee vergader 18:00

21st Mei 2019
FSS private uitverhuring

21st Mei 2019
Leerders volg Dag 4 se rooster

21st Mei 2019
Subkom. Fondse en oudstudente vergader 18:00

21st Mei 2019
Boland vs WP rugbydag
Wellington

22nd Mei 2019
Leerders volg Dag 6 se rooster

23rd Mei 2019
Eksamen begin

23rd Mei 2019
Dissiplinêre komitee vergader 18:00

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Sport vs Robertson (weg) - program

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cdaab940bb47696991969.pdf

Mei 10 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cd5291e08aff116910506.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland